moreleta kerk

sedert 1985

Lees saam:
Joh 20:19-23
Matt 28:18-20
Mark 16:15
2 Pet 3:8-9

Lees die gedeeltes wat by die "Gesels saam" rubriek gegee word en beantwoord dan die vrae.

Die Groot Opdrag: Het God jou nodig?
16 Februarie 2025

Ds. Willem Badenhorst
willem.badenhorst@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Het jy al die vrae vir jouself geantwoord: Het God jou nodig in Sy plan met die wereld? Wat word van die miljoene mense wat Jesus nie as hul Verlosser en Saligmaker ken nie? Raak dit regtig aan jou hart as mense verlore gaan? Wat gaan jy daaraan doen? God is by magte om enigiets te doen, maar Hy kies om jou in Sy reddingsplan te gebruik. Hy het nie net Sy dissipels na die wereld toe gestuur nie, maar Hy stuur jou persoonlik om Sy mond, ore, hande en voete te wees. Gaan jy Sy Groot opdrag ernstig opneem en gehoorsaam? God stuur JOU ook.

Gesels saam

Wat leer jy van God in Joh. 20:21 en Matt. 28:18-12?
Wat beteken 'n opdrag? (Gesels saam oor wat 'n opdrag is en hoe 'n opdrag gehoorsaam moet word.)
Wat leer jy van jouself as jy na bg Skrifgedeeltes kyk?

Gesels saam: Voer die kerk van Christus hierdie opdrag van Hom uit? Is Sy kerk ernstig oor die opdrag?
Wat verstaan jy onder die term dissipelskap?
Wat kan jy doen om die opdrag uit te voer? (Dink aan jou familie, jou vriendekring, jou werkskollegas, mense in jou kring, jou invloedssfeer. Dink daaraan om opleiding te ontvang om opdrag uit te voer.)

Doen saam

Oorweeg om as individu of as groep by Moreleta Missions aan te sluit. Hier gaan jy gehelp en geleer word hoe om mense te dissipel en om 'n dissipelmakende dissipel te wees.
Reik as groep uit na 'n plek waar julle mense kan bereik en kan dien of reik saam met die gemeente uit.

Bid saam

- Vir mense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie.
- Vir mense wat God oor jou pad stuur om saam hul te reis en geestelik te bereik.
- Dat elke lidmaat Jesus se opdrag ernstig sal opneem en uitvoer.
- Dat MK haar roeping sal vervul om mense tot aan die uiteindes van die aarde te bereik.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035